Buite-egtelike kinders

Buite-egtelike kinders – Jan van der Watt

Amanda vra:

Wat is die stand van buite egtelike kinders, my dogter het so baba en my 2de man sê die kind is van die duiwel en dat God nie so kind sal aanvaar nie?

Antwoord

Prof Jan van der Watt bantwoord:

Dit is nie die skuld van die kind dat hy of sy buite-egtelik gebore is nie. Om so kind nou ’n kind van die duiwel te noem is onverantwoordelik. Dit is die ouers wat aangespreek moet word. God se liefde is daar vir almal op die wêreld (Joh 3:16) ook vir buite-egtelike kinders en hulle ouers. As dit gesê word, beteken dit nie dat God sonde goedkeur nie, maar dit beteken wel dat almal by God welkom is, indien hulle Hom in geloof en gehoorsaamheid aanvaar. Mense kan dus verander en God wil hê dat hulle moet verander. As mens in God glo, word jy sy kind en kan dan onmoontlik die kind van die duiwel wees, al het jy vroeër sonde gedoen. Almal doen maar een of ander tyd sonde en daarom het ons almal God se vergifnis en liefde ewe veel nodig.

Skrywer: Prof Jan van der Watt